

31 Augustus

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-14

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 10

Die Godheid van Jesus Christus

Die leerstuk oor die Godheid van Jesus Christus staan deesdae in die spervuur. Sommige navorsers, soos die Nuwe Hervorming, beweer op grond van “historiese feite” dat Jesus nie waarlik God is nie. Vir Christene is hierdie aantygings nie net irriterend nie, maar eintlik lewensbedreigend, want as ons Middelaar nie waarlik God is nie, hoe kon Hy in ons plek God se toorn en straf oor die sonde gedra het (HK So 6)? Net God kan immers die toorn van God verduur!

Die aggressie teen die Godheid van Jesus word reeds in Johannes se tyd beleef. Vers 10 en 11 stel dit duidelik dat “die wêreld” en selfs Jesus “se eie mense” Hom nie sal “erken” nie. Die Johannesevangelie wil uiteindelik hierdie aanslag bestry. Alles wat daarin beskryf is, al die wondertekens en uitsprake, is geskryf sodat mense kan GLO “dat Jesus die Christus is, die Seun van God” (Joh 20:31).

Dit is belangrik om in te sien dat hierdie “strydgeskrif” met ’n lied begin. Johannes sing oor Jesus wat van ewigheid af as God bestaan het, wat mens geword en onder ons kom woon het (14). Hy sing daaroor dat God se Woord alles is wat mensewoorde nie is nie; oor God se Woord nie leeg is nie, maar ’n skeppingsdaad (3), oor God se Woord nie verduister nie, maar lig bring (9), oor God se Woord nie vol selfsug en bedrog is nie, maar vol genade en waarheid (14).

Kan mense ooit hierdie wonder volkome beskryf of met menslike redenasies verdedig? Leer uit ons Skrifgedeelte: Die beste raad teen dwaalleer is: Rig jou antwoord op die Woord, nie op woorde nie. Die Godheid van Jesus word nie verdedig nie, dit word besing. Sing is beter as stry.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~